

25 Junie 2021

Geagte BSA-lidkerke

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) het verlede jaar saam met u 200-jaar van Bybelgenootskapwerk in Suid-Afrika gevier. Ons het daarna 'n proses met uitgebreide interne en eksterne konsultasie onderneem om oor ons pad vir die toekoms te besin.

Die Raad van Direkteure het gister weer die belangrikheid van die Bybelgenootskap se missie bevestig. Dit was veral nodig omdat mense in die huidige omstandighede 'n behoefte het aan die vertroosting, krag en leiding wat God deur die Bybel aan ons gee. Dit is 'n belangrike bediening in die Koninkryk wat alle mense in ons land op die mees relevante en effektiewe manier dien en moet dien. Dit is ook noodsaaklik dat dit volhoubaar sal geskied.

Dit was duidelik dat wesenlike verandering nodig is. Dit blyk uit die feit dat die omgewing vir die Bybelmissie 'n geweldige verandering ondergaan het (in Suid-Afrika en ook internasionaal) en dit sluit die konteks van ons missie in Suid-Afrika in.

Dit beteken nie dat die BSA se fundamentele missie sal verander nie. Dit beteken wel dat die manier waarop ons die missie implementeer en die organisasiestruktuur wat ons benodig ook hierby moet aanpas.

Die Uitvoerende Hoof het opdrag ontvang om 'n omkeerplan saam met eksterne proses- en regsadviseurs op te stel en dit so spoedig moontlik aan die Raad voor te lê. Dit behels die ontwikkeling van lewensvatbare modelle vir sowel die implementering van die missie en die insameling van hulpbronne vir die finansiering van die missie. Die nuwe struktuur moet effektiewer en goedkoper as ons huidige struktuur wees.

Ons sal vir u, as ons lidkerke, op hoogte hou van ons vordering. Alle aktiwiteite en bedrywighede (intern en ekstern) sal intussen normaal voortgaan.

Die Raad het groot waardering vir die vennootskap en ondersteuning wat die BSA van soveel kerke geniet. Ons is ook bewus dat baie van ons kerke deur soortgelyke prosesse gaan. Ons sal aanhou om vir u te bid en ons sal u gebede vir die BSA van harte waardeer. Bid asseblief dat die uitkoms van hierdie proses 'n Bybelgenootskap sal wees wat ten beste in die mense en kerke van Suid-Afrika, ja in God se koninkryk, se Bybelbehoefte sal voorsien.

Ons leef elke dag in die teenwoordigheid van God. In die woorde van die Psalmidiger is "(ons) tyd in sy hande" (Ps 31:15). In die brief aan die Hebreërs word ons ook herinner: 'God het gesê: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie" ' (13:5).

Die uwe



---

**DR P J S G DU PLESSIS**  
**VOORSITTER:**  
**RAAD VAN DIREKTEURE**



---

**DS D T GEVERS**  
**UITVOERENDE HOOF**